BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# SALOMO SE MOOISTE LIED

## DEEL 6: TOT DIE DOOD ONS SKEI

**Hooglied 8:1-7(AFR20)** Was jy maar vir my soos 'n broertjie wat aan my ma se borste drink. As ek jou buite teëkom en soen, sou niemand my kwalik neem nie. [2] Ek sou jou lei, jou na my ma se huis neem, sy wat my geleer het. Ek sou vir jou kruiewyn gee om te drink, die sap van my granate. [3] Sy linkerarm is onder my kop, sy regterarm omhels my. [4] Meisies van Jerusalem, ek besweer julle: Moenie die liefde aanwakker nie, moet dit nie opwek nie, voordat dit nie self wil ontwaak nie. [5] Wie is dit wat daar uit die woestyn kom aan die arm van haar liefste? Onder die appelboom laat ek jou ontwaak: Daar het jou ma met jou swanger geraak, daar het sy wat swanger was jou in die wêreld gebring. [6] Dra my soos 'n rolseël teen jou hart, soos 'n rolseël aan jou arm; want liefde is kragtig soos die dood, hartstog meedoënloos soos die doderyk – die liefdesgloed is 'n vlammende vuur, 'n verterende vlam. [7] Baie water kan die liefde nie blus nie, riviere kan dit nie wegspoel nie. As iemand alles in sy huis aanbied in ruil vir liefde, sal hy diep verag word.

**Spreuke 3:5(AFR53)** Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.

**1 Petrus 5:7(DB)** Neem al die dinge waaroor julle julle bekommer of wat julle omkrap na God toe, want Hy self is die Een wat vir julle sorg.

**Efesiërs 5:28-29** Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, [29] want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen

**1 Timoteus 5:8** As iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as 'n ongelowige.

**Song of Solomon 8:6(GNB)** Close your heart to every love but mine; hold no one in your arms but me.

**1 Korintiërs 13:8** Die liefde vergaan nooit nie…

---

---

---

# Die Bron van Liefde

**1 Johannes 4:19** Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.

1. Besef jou ____________________________ in Christus

   **Genesis 1:27** God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

   **Johannes 3:16** God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

   **1 Petrus 1:18-19** Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. [19] Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.

2. Verwyder die ____________________________ van seer

   **Psalm 24:7-8(AFR20)** Lig op julle koppe, poorte, ja, lig julleself op, ewige ingange, sodat die roemryke Koning kan ingaan. [8] Wie is hierdie roemryke Koning? Die Here, magtig en heldhaftig, die Here, heldhaftig in die stryd.

   **Openbaring 3:20** Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

3. Ontvang God se ____________________________

   **Psalm 147:3** Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde.

   **1 Petrus 2:24(ABA)** …Hy het seergekry sodat julle gesond kan wees

   **Hebreërs 4:15-16** Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. [16] Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.

---

---

---

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*